Sport en Oefenkunde

Praktiese Assesseringstaak (PAT)
Graad 12 – 2020

Raamwerk vir die Praktiese Assesseringstaak

IEB Copyright © 2020

Die raamwerk en die assesseringsrubriek vir die PAT word hier verskaf.

Binne die parameters van die onderwerp, sal kandidate geskikte oogoefenprogamme en driloefeninge vir drie atlete identifiseer en die uitwerking daarvan op hul prestasie evalueer.

KOMPONENT	INHOUD	PUNT	VOORGESTELDE TYDRAAMWERK
Plan van aksie	Die metodologie wat die leerder beplan om te volg, is duidelik uiteengesit met al die besonderhede van wat gedoen gaan word, deur wie, wanneer, waar en hoe. Hierdie is 'n werksdokument.	5	
Terugvoering			
FASE 1 **Samel inligting in**	'n Vraelys word ontwerp en gebruik om 'n opname van 'n steekproef van atlete te doen. Die vraelys moet aan die volgende vereistes voldoen: – geskikte uitleg – verduidelik en gee instruksies aan atlete oor hoe om die vraelys te voltooi – vra relevante, toepaslike en ondubbelsinnige – volg logiese volgorde – gebruik verskillende vraagtegnieke Die vraelys word deur minstens ses atlete voltooi. Onderhoude mag gevoer indien nodig.	5	2 WEKE
Dataontleding	Ontleed en interpreteer die voltooide vraelyste en die onderhoude, indien enige. Kies drie atlete gebaseer op jou ontleding en interpretasie. Gee redes vir jou keuse. Die voltooide vraelyste en onderhoude, indien enige, vir die drie gekose atlete word by hierdie ontleding ingesluit. Die vraelyste van die atlete wat nie by die studie ingesluit word nie, word by die bylaag van die taak ingesluit.	15 (5 punte per atleet)	1 WEEK
Assesseringspunt			

IEB Copyright © 2020

KOMPONENTE	INHOUD	PUNT	VOORGESTELDE TYDRAAMWERK
FASE 2 **Doen 'n oogtoets** **Ontwerp/verkry en doen 'n hand-oog-toets of 'n voet-oog-toets**	'n Skriftelike motivering word vir die toets wat vir elke atleet gekies is, verskaf. Dieselfde toets kan op al die atlete gedoen word OF 'n verskillende toets kan op elke atleet gedoen word, solank elke atleet dieselfde toets voor en na die tyd aflê. Elke atleet moet twee toetse ondergaan: 1. 'n basiese oogtoets 2. hand-oog- of voet-oog-toets Die toetse word onafhanklik op die atlete uitgevoer en die volgende vaardighede word in jou geassesseer: – tydsbestuur – professionaliteit – logiese werkvolgorde – deeglike kennis van toetsprosedure – duidelike verduideliking van die toets aan die atleet – geskikte gebruik van die toerusting (indien gebruik word) Bewys van elke toets wat uitgevoer word, word in die vorm van video's of foto's verskaf.	10	1 WEEK
Verpligte assessering en terugvoeringspunt			
Ontwerp oog-oefenprogramme	'n Oogoefenprogram word ontwerp om by elke atleet en sy/haar spesifieke behoeftes te pas. Elke program word aan die individuele atleet verduidelik. 'n Ondertekende verklaring deur elke atleet wat dit bevestig, word by die ontwerp ingesluit. 'n Toestemmingsbrief om aan die program deel te neem, word deur die ouers van elke atleet verskaf.	15 (5 punte per oefen-program)	1 WEEK
Skep 'n dagboek	'n Gebruikersvriendelike dagboektemplaat word ontwerp wat die atlete moet voltooi. Die voltooide dagboeke word as bewys verskaf.	5	
Op hierdie punt moet die atlete die voorgeskrewe program vir drie weke volg			

IEB Copyright © 2020

KOMPONENTE	INHOUD	PUNT	VOORGESTELDE TYDRAAMWERK
FASE 3: **Herhaal die toets**	Elkeen van die drie atlete ondergaan dieselfde hand-oog- of voet-oog-toets wat hulle in Fase 2 gedoen het. Bewys van elke toets wat gedoen word, word verskaf.	5	Dit word op een dag gedoen
Doen opname om geskiktheid van oefenprogram te bepaal deur vraelys of onderhoud	Elke atleet voltooi 'n teveredenheidsvraelys. Vrae moet die volgende insluit: – algehele gerief van oefenprogram – algehele aantreklikheid van die oefenprogram – algehele doeltreffendheid van oefenprogram, d.i. het prestasie verbeter? – beoordeling van oefenprogram Daar word met elke atleet 'n onderhoud gevoer om die vraelys in te vul. Die voltooide vraelyste word as bewys ingehandig.	5	4 DAE
Ontleed data	Die resultate van die drie toetse, die atlete se dagboeke en vraelyste word ontleed en vergelyk.	10	2 WEKE
Evalueer oefenprogramme	Die doeltreffendheid van die programme word geëvalueer deur die onderhoude en die toetsresultate te gebruik.	10	
Gevolgtrekking	'n Bondige gevolgtrekking word verskaf wat: – die aanvanklike inligting wat ingesamel is en die finale resultate met mekaar in verband bring – regstreeks met die onderwerp verband hou – sterk punte in die proses identifiseer – beperkings erken – aanbevelings vir verbetering doen	10	
Organisasie en uitleg	Die leerder se finale taak word net een keer geassesseer en moet duidelike bewys toon van die onderwyser se nasienwerk. Die finale taak moet aan die volgende tegniese kriteria voldoen: – Die taak moet ingedien word in 'n ringlêer met geskikte lêerverdelers om lees te vergemaklik. – Alle komponente in die raamwerk moet ingesluit word. – Die finale dokument moet word getik word, fonttipe Arial, fontgrootte 12. – Opskrifte moet in fontgrootte 14 wees. – 'n Bronnelys moet verskaf en korrek geformateer word. – Die teks moet geredigeer word en spelling en grammatika wat deeglik nagegaan word. – Alle foto's moet van 'n datum voorsien en op die toepaslike plek in die lêer geplaas word. – Indien videomateriaal gebruik word, moet dit op 'n skyf of datastafie in 'n verseëlde koevert (of iets soortgelyk) geplaas word, d.i. dit mag nie 'n los item wees nie. – Al die voltooide vraelyste word by die bylaag ingesluit. – Enige werk wat in die beplanning/ruwe ontwerp gebruik is, maar deur die onderwyser as nie geskik vir die finale taak beskou word nie, word in 'n bylaag as bewys van die proses ingesluit.	5	

IEB Copyright © 2020